**BOEKBESPREKING**

## TWEE BELANGRIKE BRONNEPUBLIKASIES

1. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, No. V: Resolusies van die Politieke Raad, deel V, 1716—1719.* Persklaar gemaak deur G. C. de Wet, M.A. (Die Staatsdrukker, Kaapstad, 1964).
2. *South African Archival Records, Natal, No. 5: Records of the Natal Executive Council (1856—1859).* Edited by Mrs V. R. Fourie, M.A., and completed by Miss L. J. Twyman, B.A. (Hons.) (The Government Printer, Cape Town, 1964).

Oor die algemeen kan die reeks: *Suid-Afrikaanse Argiefstukke (Kaap, Natal, O.V.S.* en *Transvaal)* nie genoeg gewaardeer word nie en verdien die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Direkteur van Argiewe, met dr. Anna Boëseken as hoofredaktrise, die hoogste dank van almal wat in die grondmateriaal van ons geskiedenis belangstel. Vir die navorser is hierdie publikasie van sekere groepe dokumente in die verskillende Suid-Afrikaanse argiefbewaarplekke, waar nodig met alle bylae daarby, van die allergrootste belang, gesien die groot afstande wat afgelê en groot onkoste wat aangegaan moet word om by die verskillende bewaarplekke te kom en 'n tydlank daar te vertoef. Om die argiefstukke op hierdie wyse in jou studeerkamer te kan kry is beslis 'n weelde en behoort stimulerend op die navorsing van ons geskiedenis in te werk.

Sulke bronnepublikasies behoort ook vir diegene in ons land wat by die onderrig van geskiedenis, hetsy aan die universiteit, onderwyskollege of middelbare skool, betrokke is, van baie groot waarde te wees. Dit stel 'n leermeester in staat om van net die handboek(e) weg te kom deur homself 'n bietjie te verfris in die oorspronklike bronnemateriaal en ook die leerlinge, al is dit op heel beskeie en beperkte wyse, met die bronne van die geskiedenis in aanraking te bring. Die onderrig van die geskiedenis, wat in ons tyd aan baie leemtes mank gaan, kan ontsettend veel daarby baat en 'n mens kan alleen maar hoop en aanmoedig dat hierdie bronnepublikasies in toenemende mate daarvoor gebruik sal word.

In die reeks *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap* word

die resolusies van die Politieke Raad, vernaamste administratiewe liggaam aan die Kaap van 1652 tot 1795, gepubliseer Hierdie resolusies begin in 1651 en met die verskyning van deel V van hierdie reeks word nou die publikasie daarvan tot by 1719 gebring. Deel V bevat naamlik die besluite van die Politieke Raad van 1716 tot 1719, d.i. tydens die goewerneurskap van Maurits Pasques de Chavonnes. Op sigself bevat dié resolusies nie iets van wesentlike groot belang nie, omdat daar in hierdie jare nie juis iets opspraakwekkends gebeur het nie. Nietemin is die besluite van belang om mens 'n algemene kyk te gee in die administrasie en geleidelike ontwikkeling van die Kaapkolonie in hierdie tyd en werp die besluite lig op die ontwikkeling en uitbreiding van veral Stellenbosch en Drakenstein, die ontwikkeling van die landbou, moeilikhede met die vleisposisie, ensovoorts.

Die reeks *South African Archival Records, Natal* bevat eers die notule van die Natalse Volksraad van 1838 tot 1845 (deel I) en van deel II af die „Records of the Natal Executive Council" vanaf 1845. Die pas verskene deel V bring die publikasie van hierdie dokumente nou tot by 1859. Die „Records" wat in hierdie deel verskyn bestaan uit die notule van die vergaderinge van die Natalse Uitvoerende Raad van 8 Januarie 1857 tot 22 Desember 1859, tesame met *alle* stukke wat op die besprekinge en besluite tydens hierdie vergaderinge betrekking het, vir sover dié stukke in die argief beskikbaar is. Verskeie dokumente uit die „Public Record Office" is ook ingesluit. Benewens gewone administratiewe besluite en reëlings aangaande die Natalse kolonie, werp die dokumente in hierdie bundel interessante lig op o.a. die Natal-Zoeloe-verhoudinge en die geskiedenis van die Zoeloe, Natal se verhouding tot sy blanke buurstate, die uitgee van kroongronde, verbeteringswerke aan die hawe van Port Natal, die invoer van Indiërs, die regspraak, ensovoorts.

Bogenoemde publikasies van die resolusies van die Kaapse Politieke Raad is versorg en persklaar gemaak deur G. C. de Wet, M.A., terwyl dié een oor Natal deur mev. V. R. Fourie, M.A., persklaar gemaak en finaal afgehandel is deur mej. L. J. Twyman, Honns. B.A. Aldrie hierdie persone verdien besondere gelukwense vir die wyse waarop hulle hul van hul taak gekwyt het. Albei die werke voldoen aan die hoogste eise van wetenskaplikheid wat aan 'n bronnepublikasie gestel kan word, maar daarby word dit op so 'n wyse aangebied dat

selfs 'n oningewyde en onervare persoon sy weg maklik daarin sal kan vind. Dit word in elke geval moontlik gemaak deur die volledige en baie duidelike inhoudsopgawe, die verduidelikende inleiding, die besonder waardevolle en volledige voetnootaantekeninge, die verklarende woordelys (in die *Kaapwerk*) en die uitgebreide register.

Mag hierdie en ander publikasies wat nog sal volg die nodige aandag geniet, sodat die doel waarvoor dit bestem is verwesenlik mag word.

J. S. du Plessis.

*Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 27e Jaargang, deel I. Uitgegee deur die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Direkteur van Argiewe. (Die Staatsdrukker, Kaapstad, 1964). Prys R5.00.

Hierdie uitgawe van die *Argief-jaarboek* bevat drie bydraes: 'n proefskrif, 'n monografie en 'n verhandeling vir 'n M.A.-graad, waaraan agtereenvolgens kortliks aandag geskenk moet word.

1. A. K. Fryer: *The Government of the Cape of Good Hope, 1825—1854: The Age of Imperial Reform.*

Met hierdie deeglike werk het A. K. Fryer die Ph.D.-graad aan die Universiteit van Rhodes onder die promotorskap van prof. W. A. Maxwell verwerf. Dit is 'n indringende studie oor die groei en struktuur van die administratiewe stelsel in die Kaapkolonie tussen 1825 en 1854 en vorm as sodanig 'n uiters belangrike voorstudie vir die aanvaarding van verteenwoordigende regering deur die Kaapkolonie in 1854, asook vir 'n beter begrip van die tydperk van parlementêre regering sedert 1854. In sy primêre doel om 'n nuwe benadering van die geskiedenis van die Kaapkolonie tussen 1825 en 1854 te bied, het dr. Fryer m.i. geslaag.

In sewe hoofstukke word op 'n duidelike, korrekte en logiese wyse agtereenvolgens aandag geskenk aan: die staatkundige milieu, 1825—1854 en die verskillende agitasies om staatkundige hervorminge; die differensiële ontwikkeling van die Kaapse Uitvoerende Raad binne die Britse ryk gedurende dieselfde tydperk; die amp en funksies van die koloniale sekretaris aan die Kaap, sy rol as belangrikste lid van die Uitvoerende Raad en sy relatiewe belangrikheid in die Raad,

veral gedurende die jare 1843 tot 1853; die ander ampte in die Uitvoerende Raad, nl. die tesourier-generaal, die ouditeur-generaal en die doeane-gaarder („Collector of Customs") en die persone wat hierdie onderskeie ampte beklee het; die Uitvoerende Raad en die politieke krisis oor die „Constitution Ordinance" rondom die jare '50 en die staatkundige en administratiewe strydvraag waarin die amp van koloniale sekretaris verval het; die ryksregering en sy uitoefening van die koloniale administrasie d.m.v. die staatsdiens met 'n ondersoek na die rol en invloed van die personeel wat benoem is; die verhouding van die hoë kommissarisskap (ingestel in 1847) en die Uitvoerende Raad.

Dr. Fryer se proefskrif berus op 'n uitgebreide studie van primêre ongepubliseerde bronne in die Kaapse regerings-argief-bewaarplek en in private besit; gepubliseerde primêre bronne soos Britse parlementêre publikasies en debatte, Kaapse blouboeke en parlementêre verslae, ordonnansies, statute, regeringskennisgewings; 'n verskeidenheid koerante, pamflette en tydskrifte; en 'n indrukwekkende aantal kontemporêre en ander gepubliseerde werke en ongepubliseerde verhandelinge en proefskrifte. Die oorspronklikheid van die inhoud van die proefskrif getuig dat die skrywer al hierdie bronne deeglik en krities bestudeer en die gegewens, daarin vervat, goed verwerk het. Tegnies is die werk ook baie goed versorg terwyl dit aangenaam en vlot geskrywe is. Dit is werklik 'n aanwins vir die Suid-Afrikaanse historiografie en 'n waardevolle bydrae tot ons kennis van die geskiedenis van die Kaapkolonie. As sodanig sal die werk van dr. Fryer dan ook steeds deur studente van die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestudeer moet word.

2. Marcus Arkin: *Supplies for Napoleon's Gaolers. John Company and the Cape—St. Helena trade during the Captivity, 1815—1821.*

Dr. Marcus Arkin, senior lektor in Ekonomiese Geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad, het reeds met sy *John Company at the Cape: A History of the Agency under Pringle (1794—1815) (Argief-jaarboek,* 23e jaargang, deel II) bewys gelewer dat hy 'n bekwame en deeglike navorser en skrywer is en in die werk nou onder bespreking bevestig hy dit weer eens. In eersgenoemde werk het hy die invloed van die Engels

Oos-Indiese Kompanjie op die kommersiële ontwikkeling van die Kaapkolonie in die vroeë jare van die Britse bewind op heel doeltreffende wyse aangetoon. Die huidige monografie is eintlik 'n voortsetting van hierdie tema en Arkin beperk hom daarin tot die werksaamhede van die E.O.I.K. se agentskap aan die Kaap om die voorrade aan St. Helena te verskaf, waar Napoleon gevange gesit het.

Arkin toon aan dat St. Helena in hierdie tyd vir 'n uitgebreide deel van sy benodigdhede hoofsaaklik van die Kaap afhanklik was en dat die Kaap aansienlike voordele van hierdie uitvoere bekom het. Hy doen dit op 'n indringende en besonder helder wyse en wel op grond van die baie deeglike bestudering van die „Cape of Good Hope Factory Records" en die „St. Helena Factory Records" in die *India Office Library*, asook van ander dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek. Daarbenewens het hy 'n hele aantal kontemporêre en ander werke geraadpleeg.

Dr. Arkin het met hierdie monografie 'n besliste bydrae tot ons kennis van die S.A. ekonomiese geskiedenis gelewer en as sodanig ook tot ons algemene kennis van die geskiedenis van ons land.

3. D. W. Bosch: *The Wilgefontein Settlement, 1880.*

Dit is 'n werk van beperkte omvang en het as verhandeling gedien waarmee die skrywer die M.A.-graad in 1949 aan die Natalse Universiteit verwerf het. Dit handel oor die Wilgefontein-nedersetting, ongeveer sewe myl suid van Pietermaritzburg, wat in 1878 op advies van die toenmalige luitenant-goewerneur van Natal, sir Henry Bulwer, deur die „Land and Emigration Board" in die lewe geroep is as eerste van 'n paar beoogde spesiale nedersettings om immigrante na Natal te lok. Bosch gee dan verder aandag aan die stigting, ontwikkeling en uitbreiding van die betrokke nedersetting, die keuring en koms van nedersetters uit Brittanje en hulle probleme en wedervarings op die nedersetting totdat hulle behoorlik gevestig was. As sodanig is dié verhaal 'n aanvulling tot die geskiedenis van nedersetting in Suid-Afrika.

Bosch se studie is gegrond op amptelike ongepubliseerde dokumente in die Natalse argiefbewaarplek, 'n paar koerante, 'n agttal kontemporêre publikasies en nege latere gepubliseerde werke. Hierdie geringe publikasies is bewys daarvan

dat oor die betrokke onderwerp nog niks geskrywe is nie, sodat Bosch se werk 'n heeltemal oorspronklike werk is. As wetenskaplike werk is dit goed saamgestel en tegnies goed versorg.

Met die publikasie van bogenoemde drie werke het die *Argief-jaarboek* weer eens sy tradisionele peil gehandhaaf en 'n verryking van die Suid-Afrikaanse historiografie gebring.

J. S. du Plessis.

*Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 27e Jaargang, deel II. Uitgegee deur die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Direkteur van Argiewe. (Die Staatsdrukker, Kaapstad, 1964). Prys R5.00.

Die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Direkteur van Argiewe kan gelukgewens word met hierdie 47e deel van die *Argief-jaarboek*, waarin twee doktorsproefskrifte, albei aan die Universiteit van Pretoria ingedien, gepubliseer word. So word dan nog twee belangrike werke, wat andersins miskien nooit gepubliseer sou word nie, aan die breër lesers- en/of studentepubliek beskikbaar gestel.

1. J. J. van Heerden: *Die Kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek.*

J. J. van Heerden het reeds in 1949 die doktorsgraad met hierdie proefskrif verwerf. Sedertdien was dit in sy ongepubliseerde vorm slegs aan 'n aantal navorsers bekend en het verskeie navorsers met groot dankbaarheid daarvan as bron gebruik gemaak. Dit was nog altyd 'n leemte dat dit nie in breër kring bekend was nie. Die leemte is gelukkig ook nou uitgewis en kan soveel meer persone profiteer van hierdie goeie en deeglike werk.

Toe dr. Van Heerden die proefskrif geskrywe het, was die terrein waarop hy hom begewe het feitlik nog ongebraakte veld. Hy moes 'n uitgebreide studie doen van ongepubliseerde stukke hoofsaaklik in die Transvaalse Argiefbewaarplek; daarby het hy ook geraadpleegde gepubliseerde bronnemateriaal, 'n hele aantal ongepubliseerde proefskrifte en verhandelinge, 'n aantal tydskrifte en koerante en 'n menigte gepubliseerde werke. Die resultaat van hierdie studie was nie kompilasie van bronnegegewens of 'n blote napratery van die bronne nie, maar 'n heel oorspronklike verwerking van die gegewens en

die totstandkoming van 'n geskiedkundige werk van hoogstaande wetenskaplike gehalte.

Van Heerden toon aan hoe die kommandant-generaalskap tydens die Voortrekkertyd ontstaan het as 'n eie instelling. In Natal en sedert 1845 ook in Transvaal vind daar 'n heftige stryd tussen die Volksraad en die Kommandant-generaal plaas, omdat hierdie krygshoof in die afwesigheid van 'n uitvoerende gesag deur die heersende omstandighede ook verplig was om soms as burgerlike hoof van die gemeenskap op te tree, tot groot ongenoeë van die Volksraad, wat aan 'n oordrewe vrees vir outokrasie gely het. Van Heerden toon dan verder aan watter rol die kommandant-generaal gedurende die burgerstryd in Transvaal gespeel het. Vervolgens behandel hy die kommandant-generaalskap van Paul Kruger asook die bekleding van die amp deur Piet Joubert van 1880 tot met sy dood in 1900. 'n Laaste hoofstuk handel oor Louis Botha as kommandant-generaal tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Aangesien die kommandant-generaalskap in die eerste plek aan die opperbevelhebberskap van die krygsmag verbind was, het Van Heerden hier 'n belangrike ondersoek i.v.m. die Afrikaner se krygsgeskiedenis ingestel en moet dié werk ook gesien word as 'n bydrae tot ons krygsgeskiedenis. Maar vanweë die geweldige vervlegtheid van dié amp met die staatkundige lewe in die Suid-Afrikaanse Republiek, vorm dit ook 'n uiters belangrike bydrae tot die algemene geskiedskrywing oor die tydperk van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Dr. Van Heerden se werk is tegnies en wetenskaplik goed versorg. Dit is in 'n aangename taal en styl geskrywe en so helder en duidelik dat dit met groot vrug selfs deur leerlinge van die middelbare skool gebruik sal kan word.

2. H. Stander: *Die verhouding tussen die Boere en die Zoeloe tot die dood van Mpande in 1872.*

Die Universiteit van Pretoria het in 1963 aan H. Stander 'n doktorsgraad toegeken op grond van hierdie proefskrif, saamgestel onder promotorskap van prof. A. N. Pelzer.

Dit is geen onbekende terrein wat Stander betree het nie, want in haas elke geskiedenisboek oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert 1836 kan iets oor die Boere en die Zoeloe gelees word, maar geen werk bied 'n duidelike uiteensetting van die verhoudinge tussen die Boere en hierdie Bantoenasie

as sodanig nie. Dit het Stander nou gedoen en in die opsig is sy werk 'n oorspronklike en welkome toevoeging tot ons historiese literatuur oor die 19e eeu en die onderlinge verhoudinge wat tussen die blanke state en hulle Bantoebuurstaat geheers het.

Stander begin met 'n baie mooi en duidelike hoofstuk oor die opkoms van die Zoeloenasie onder die verskillende hoofde tot met die hoofskap van Dingaan, toe die Zoeloe in 1834 vir die eerste keer met die emigrante-Boere, nl. die Uys-kommissie, kennis gemaak het. In 1837 het die Trekkers onder Retief in Natal aangekom en het al die ongelukkige gebeurtenisse gevolg waardeur die Boere en die Zoeloe geswore vyande van mekaar geword het. Na die verbreking van Dingaan se mag word die Zoeloe „buurman en bondgenoot" van die Boere in Natal. Stander maak dan 'n m.i. suiwere ontleding van die verhoudinge tussen die Natalse Boere en die Zoeloe onder Mpande van 1840 tot 1847, asook van dié tussen Mpande en die Boere wat hulle na die anneksasie van Natal aan Kliprivier en ook later in Utrecht gaan vestig het. Ten slotte word dan ook aandag geskenk aan die verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Zoeloe tot 1872.

Dr. Stander het 'n uitgebreide studie gedoen, in die eerste plek van 'n groot aantal ongepubliseerde dokumente in die Natalse en Transvaalse argiefbewaarplekke. Daarbenewens het hy ook alle gedrukte amptelike en nie-amptelike dokumente oor dié tydperk, koerante en 'n besonder groot aantal kontemporêre en ander sekondêre werke geraadpleeg. Die proefskrif is bewys daarvan dat hy die bronne goed bestudeer en deurdink het en dat hy die vermoë tot duidelike sintese besit. Die werk is in 'n goeie taal geskrywe en dit lees vlot en aangenaam. Die verhaal is logies mooi inmekaar gesit en die tegniese en algemene wetenskaplike afwerking is goed. Beide wat inhoud en vorm betref, is hierdie proefskrif 'n besliste aanwins vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing.

Waar dr. Stander in sy voorwoord sê dat sy plan aanvanklik was om die verhouding tussen die Boere en die Zoeloe tot in 1888 te behandel, kan mens maar net hoop dat 'n tweede voortsettende deel van hierdie werk nie lank sal uitbly nie.

J. S. du Plessis.

Elsa Joubert: *Die Staf van Monomotapa.* Reisjoernaal oor bladsye. Prys R1.50.

Die skryfster, vroueredaktrise van „Die Huisgenoot" sedert 1948, het reeds bekendheid verwerf met haar reisverhale: *Water en woestyn, Die verste reis, Suid van die wind* en met haar roman *Ons wag op die kaptein.* En nou weer *Die staf van Monomotapa* met sy verbeelding prikkelende titel.

Dié titel is egter misleidend: dit dek maar een deeltjie van die reisondervindings, die deel wat stellig vir die skryfster self die opwindendste was.

In hierdie joernaal van 'n uitgebreide reis deur Mosambiek gee die skryfster blyke van 'n skat van kennis in verband met die geskiedenis van die Portugese gebiede — soos haar bronnelys ook van getuig — kennis waarmee sy haar toegerus het voor sy die land besoek het. 'n Voorsmakie daarvan gee alreeds die uittreksels op een van die voorblaaie, uit 'n geskrif van 'n Dominikaanse priester uit die jaar 1586 en uit Jan van Riebeeck se *Dagh Register,* 1660.

Op onderhoudende trant word die leser op hoogte gebring van sake soos die eenstroombeleid of integrasie van blank en gekleurd, die opvoeding tot nasionalisme by alle rasse om uit een bors te skree: „Viva Portugal", die merkwaardige vasberadenheid van die Portugese om nie uit Afrika pad te gee nie, hulle progressiewe beleid van die huidige tydsgewrig teenoor die eeue van stagnasie wat daaraan voorafgegaan het, hulle toekomsbeplanning en die fenomenale uitbreiding van dorpe en binnelandse ondernemings.

Dit bevat verder beskrywings van argitektuur in verskillende dorpe, die lewenswyses soos aangepas aan die klimaat en onderhoude met merkwaardige persoonlikhede waarvan sommiges nog 'n skakel met die verlede vorm. Voorbeelde van lg. is dié met die laaste dôna van Zambezi-vallei (die dônas was meestal halfbloed vroue van die landbaronne wat geweldig invloedryk en ryk was in die vorige eeu) en die onderhoud met Antonio de Almeida Melo van wie hulle inligting kry oor die ryk myne van die koning Monomotapa, heerser oor die Makalangastam uit die 16e eeu, volgens oorlewering.

Die kroon op die reis was blykbaar die ontvangs van 'n replika van die staf van Monomotapa waarvan Melo beweer dat dit deur die mediums van die groot koning vasgehou is wanneer hulle in beswyming gegaan het om voorspelling te

doen of die verlede vir hom uit te lê.

Dit is aangename leesstof veral ook om die fris en openhartige benadering van hierdie land se vraagstukke. Dit is in keurige taal geskryf.

L. C. Minnaar.